Lighuis
OIL LIGHT TRUTH
wisdom and truth from Song of Songs

Die Lighuis (Lighthouse Ministry)
Louis en Yolandie Mostert
www.dielighuis.co.za
admin@dielighuis.co.za
064 704 4253 / 074 301 6334

## Wie is ons?

Die Lighuis is deur die Here opgerig as 'n voorbereidingsbediening vir Jesus se bruid in die laaste dae. Ons het die voorreg om Hooglied te kan gebruik as die 'voertuig' om lesse en waarhede prakties te leer en te leef. Die Lighuis help ook diegene wat hulp nodig het met innerlike genesing en bevryding. Ons glo dis 'n intergrale deel van heel word.

Egpaar, Louis en Yolandie Mostert, is die stigerslede van Die Lighuis, gebasseer in Lydenburg.

## Wat behels 'n Hoogliednaweek?

Tydens 'n Hoogliednaweek werk ons deur die boek Hooglied. Ons doel is nie om net teorie in 'n versie-vir-versie formaat oor te dra nie, maar eerder om sleutels in hande te plaas sodat Hooglied self oopgesluit kan word en prakties geleef kan word.

Saterdag word opgedeel in 4 sessies met bypassende musiekbediening tussen deur. Sondag bespreek ons die Hebreeuse bruilof en maak opnuut 'n toewyding aan ons Hemelse Bruidegom met die gebruik van die Verbondsmaal.

Spesifieke areas van bediening is o.a. om 'n beter openbaring te kry van wie die Koning is sodat ons identiteit in Hom gevestig kan word. Ons werk ook deur die gevaarlikste boom in ons hart se tuin, die boom van trots, en doen 'n afleggingsgebed. Ons begeerte is dat daar 'n verskuiwing in die gees en blywende hartsveranderings sal plaasvind en nie net 'n emosie-belaaide naweek waar alles weer terugkeer na normaal op 'n Maandag nie.

## Wat behels 'n Een-dag Seminaar?

Tydens 'n een-dag seminaar doen ons 'n inleiding tot Hooglied. Omdat die tyd beperk is en ons nie die volle omvang van Hooglied kan deurwerk nie, gee ons 'n inleiding en verduidelik die simboliek sodat seminaargangers die sleutels het om Hooglied self oop te sluit.

Saterdag word opgedeel in 3 sessies met bypassende musiekbediening tussendeur; twee sessies voor middagete en een sessie na middagete.

Behalwe die agtergrond en sleutel-simboliek wat in die eerste gedeelte van die oggend bespreek word, kyk ons ook na ons hart se tuin en die gevaarlikste boom (boom van trots). Tydens die derde sessie, behandel ons tipes van die bruid en die Hebreeuse bruilof. Ons maak opnuut 'n toewyding aan ons Hemelse Bruidegom met die gebruik van die Nagmaal.

## Wat ons benodig?

- 'n Lokaal, verkieslik met 'n goeie klankstelsel. Ons wil graag seker maak dat almal sal kan hoor en lekker sal kan saamsing. Daarom vra ons vir inligting oor en/of fotos van die klanktoerusting, groottes van die 'speakers' en grootte van die projekterskerm. Stuur asseblief vir ons fotos van die lokaal (o.a. verhoog, projekterskerm, podium en projektertafel) vir beplanningsdoeleindes. Sou die lokaal nie 'n klankstelsel of projekterskerm het nie, kan ons dit saambring.
  Die lokaal hoef nie 'n kerk of saal te wees nie. Koffiewinkels en groot sitkamers werk ook goed.
- Twee groot tafels waarop ons die boeke, werkboeke, tema-verwante skilderye en produkte kan uitstal.
- 'n Tafel wat as podium gebruik kan word.
- Indien die venue nie 'n klankstelsel het nie, 'n tafeltjie vir die projekter.
- Verbondsmaal (druiwesap en matzo's) vir elke persoon wat bywoon.

---

## Bemarking en organisering

Alle konferensies en kampe word op ons webtuiste (www.dielighuis.co.za) asook ons Facebook blad (Lighuis, www.facebook/hoogliedboek/ ) geadverteer.

Bemarkingsmateriaal (advertensie en program) word verskaf in jpeg formaat sodat dit deur die organiseerder gedruk en versprei kan word. Ons gee hierdie material in hoë kwaliteit vir druk asook in kleiner formaat vir verspreiding deur sosiale media.

Ons benodig 'n organiseerder in die dorp of gemeente wat ons uitgenooi het.
Die rol van die organiseerder is:

- Bemarking van die geleentheid in die dorp of gemeente.
- Besprekings en betalings.
- Begrotingsbeheer.
- Organisering van middagete en verversings.
- Bespreking van ons akkommodasie en etes.
- Sentrale kontakpersoon vir navrae.

---

## Wat ons voorsien?

- Ons bring 'n skootrekenaar, projekter en 'n 'mobiele'-mikrofoon saam.
- Indien die venue nie 'n klankstelsel het nie, bring ons dit ook saam.
- Alle musiek en musiekbegeleiding word deur ons voorsien. Die liedjies word spesiaal gekies om by die tema in te skakel.
- Hoogliedboeke en werkboeke word te koop aangebied. Ons het kaartfasiliteite. Ons bring ook tema-gepaste skilderye en produkte saam vir uitstalling of as iemand graag ietsie moois wou koop.
- Tafeldoeke en dekoritems om die boeke-tafel en ingangsportaal tema-gepas te versier.
- Drukwerk: 'Ketubah'-belofte, Verloëningsgebed en notas.

---

# Ons onkostes

Die Here het ons gelei om nie ‘n sprekersfooi te vra nie. Die tyd vorentoe is so kort en dis belangrik dat die bruid van Christus haastig voorberei moet word. Daarom wil ons nooit hê dat finansies in die pad staan van waarheid en kennis nie.

Al wat ons vra is dat ons uitgawes gedek word: reiskoste, etes, akkommodasie en uitdeelstukke.

Vir akkommodasie benodig ons een dubbelkamer. Ons het nie fiemies nie, maar vra tog vir ietsie privaat waar ons onsself geestelik kan voorberei en lekker uitgerus kan wees.

Reiskoste bereken ons teen R5.00/km.
Reiskoste buite ‘n 500km radius vanaf Lydenburg, mag alternatiewe reismetodes en/of additionele koste behels. Byvoorbeeld, vlieg in plaas van ry vir ‘n konferensie in Kaapstad of ‘n ekstra nag as die bestemming baie ver is.

Optioneel: Werkboeke word verskaf teen R60 per werkboek (1 werkboek per persoon). Wanneer die begroting knap is, word die werkboeke uitgesluit by die toegangsfooi en persone wat bywoon kan kies om dit self aan te koop. Ons bring altyd genoeg werkboeke saam.

Ons sal ‘n faktuur verskaf vir ons reiskoste, die werkboeke en uitdeelstukke. Ons akkommodasie en etes kan gereël word deur die organiseerder.

Indien die Heilige Gees dit wel op jou hart lê om verder in ons bediening te saai, sal ons dit baie waardeer.

---

# Die program

**Standaard Hoogliednaweek program:**

| **Saterdag (8:30 tot 18:00)** | | |
|---|---|---|
| Sessie 1 | 8:30 - 10:30 | Inleiding tot Hooglied<br>Afd 1: Die aanvanklike soeke en vind |
| Teetyd | | |
| Sessie 2 | 11:00 – 13:00 | Afd 2: Die toets van gehoorsaamheid,<br>Afdeling 3 (3 mylpale):<br>Openbaring van die Koning, Aanmoediging en Geestelike oorlogvoering |
| Middagete | | |
| Sessie 3: | 14:00 – 16:00 | Afd 3 (3 mylpale):<br>Ons tuin, Getsemané en Groter salwing |
| Teetyd | | |
| Sessie 4 | 16:20 – 18:00 | Afd 3 (3 mylpale):<br>Geestelike volwassenheid, Die bloudruk en Vredevolle vervulling |
| **Sondag (8:30 tot 11:30)** | | |
| Sessie 5 | 8:30 – 11:30 | Die bruilofsfees met Hebreeuse simboliek<br>Die storie van Hosea en Gomer<br>Rebekka as tipe en voorbeeld<br>Verbondsmaal en bruidsbelofte |

Tot onlangs was dit nie vir ons moontlik gewees om reeds op ‘n Vrydagaand ‘n openingsessie te hou nie. Dit is egter nou ‘n opsie. Ons kan die program aanpas om die inleiding tot Hooglied sowel as ‘n lekker lofprysing op die Vrydagaand te hou. Dit kan help om die konferensiegangers in die regte stemming te bring en om teen ‘n effe stadiger pas Saterdag deur die materiaal te werk.

**Kampnaweek alternatief:**

Wanneer mense by ‘n kampterein oorbly, wil ons graag die Saterdagaand ‘n lekker lofprysing en aanbidding doen. Dan kan die laaste Saterdag-sessie, uitgeskuif word na ‘n Saterdagaand. Sodoende kry mense die Saterdagmiddag af om te gebruik vir rus of eie stiltetyd.
Die vierde sessie kan dan 19:00 begin sodat daar genoeg tyd is vir aanbidding en sing rondom ‘n kampvuur.

**Standaard Een-dag seminaar program:**

| | | |
|---|---|---|
| Sessie 1 | 8:00 - 10:30 | Inleiding tot Hooglied<br>Simboliek |
| Teetyd | | |
| Sessie 2 | 11:00 – 13:00 | Ons geestelike tuine<br>Granate en Appels<br>Bome in ons tuin |
| Middagete | | |
| Sessie 3 | 14:00 – 16:00 | Die bruilofsfees met Hebreeuse simboliek<br>Die storie van Hosea en Gomer<br>Rebekka as tipe en voorbeeld |

**Korter aanbiedinge:**

Ons bied ook korter seminare en leringe aan oor Hoogliedverwante onderwerpe. Hierdie opsie werk goed vir byvoorbeeld ‘n damesoggend, mark of Bybelstudie. In hierdie geval sal ons biddend wees oor watter gedeelte uit Hooglied van toepassing is op die geleentheid.

# Ekstra inligting

**Nota op middagete en verversings:**
Om die eenheid en atmosfeer te bewaar, het ons gevind dat dit goed werk om middagete op die perseel aan te bied. Sou die perseel nie geriewe het vir ete voorbereiding nie, kan konferensiegangers altyd versoek word om hulle eie piekniekmandjie in te pak. ‘n Mobiele koswaentjie kan ook gereël word sodat middagete gekoop kan word. Hierdie is net moontlik alternatiewe. Die organiseerder kan besluit wat die beste gaan werk.

# Getal persone wat bywoon

As gevolg van die onkostes en vlak van voorbereiding wat in hierdie naweke ingaan, vra ons dat daar sover moontlik ‘n minimum van 30 tot 40 persone sal bywoon.